

## 4. Doendinge vir advent

Die kerklike tradisie is ryk aan dinge wat ’n mens tydens Advent kan doen, maar ’n mens kan ook nuwe, oorspronklike tradisies begin. Hier is ’n paar gedagtes.

### i) Maak ’n adventskrans

Die adventskrans, of kroon, is ou Christelike tradisie wat die vier weke van advent in die kerklike jaar uitbeeld. Die krans bevat tradisioneel die vier adventskerse, en soms die vyfde wit kers. Die krans is gewoonlik rond, wat God se oneindige liefde verteenwoordig, en word van immergroen blare gemaak wat herinner aan die hoop wat Jesus Christus kom bring het. Om ’n adventkrans te maak is ’n lekker ding om saam te doen in die week of twee voor adventtyd. Takke uit jou tuin kan in ’n krans gedraai of gevleg word. Dennebolle kan ook op ’n sirkel saam met die kers gepak word. Ekstra kersboomballetjies en ander kersversierings werk ook lekker. En as julle by die see vakansie hou tydens adventtyd kan dryfhout en skulpe gebruik word.

### ii) Steek die Adventskerse aan

Die aansteek van kerse tydens advent is ’n ou gebruik wat baie gemeentes deesdae in die erediens volg, maar wat ’n mens ook tuis kan doen. ’n Mens gebruik vyf kerse: ’n groot wit kers, en vier kleiner kerse waarvan drie pers en een pienk is. Die vier gekleurde kerse kan deel uitmaak van die Adventskrans terwyl die wit Christus-kers in die middel

van die krans geplaas kan word. Op elke Sondag van Advent word een bykomende kers aangesteek. Op die eerste Sondag steek ’n mens ’n pers kers aan om jou te herinner aan die hoop. Die tweede Sondag van Advent steek jy weer die hoop-kers aan, maar daarmee saam ’n tweede pers kers wat vir vrede staan. Die derde Sondag word die hoop- en die vredeskers saam met die pienk kers wat liefde verteenwoordig aangesteek. Op die vierde Sondag word die eerste drie kerse weer aangesteek saam met die laaste pers kers wat simbool is van vreugde. En op Kersdag word die vier kerse weer aangesteek, maar dan saam met die groot, wit Christuskers. Die aansteek van die kerse is ’n herinnering aan die betrokke temas. Dit help ’n mens om jou gedagtes na die seisoen van die kerklike jaar, na die temas van Advent en na ons verhouding met God te bring, terwyl die bedrywigheid van die gewone lewe, hetsy werk of vakansie, neig om ons aandag daarvan weg te lei.

**iii) Adventkalender**

’n Adventkalender kan ook gebruik word om die dae van advent, in afwagting van Kersfees, af te tel. Adventkalenders is tradisioneel van papier of hout gemaak en het ’n deurtjie vir elke dag van advent. Die bepaalde dag se deurtjie word dan oopgemaak om ’n verrassing agter die deur te vind. Dit kan enige iets wees van ’n sjokolade of speelding, tot ’n teksvers, gebed of gedig. Alhoewel ’n mens rondom adventstyd adventkalenders kan koop, is die maak van ’n adventkalender ’n lekker doending in die oploop tot die seisoen in die kerkjaar. Daar is baie voorstelle op die internet beskikbaar.

**iv) Draai geskenke toe**

Kersgeskenke is diep in ons kultuur ingebed. Ongelukkig word dit so deur die kommersiële wêreld uitgebuit dat dit met kersgeskenke soms begin gaan oor mooier en duurder en blinker, en uiteindelik oor myself en wat ek kry. Dit is nie maklik om hierteen te stry nie. ’n Mens kan egter, veral saam met kinders, van die toedraai van kersgeskenke ’n ritueel maak waartydens ’n mens gesels oor dit waaroor kersgeskenke eintlik moet gaan. Die geskenke kan klein en eenvoudig wees, maar dit herinner ons aan die vreugde van gee. Soos God sy Seun aan ons gegee het, so gee ons vir mekaar geskenke. Daarby kom die vreugde daarvan om iets te ontvang en die dankbaarheid dat ’n mens kan gee en kan ontvang. Om te kan gee en te ontvang maak van die lewe ’n ryk ervaring. En uiteindelik is elke Kersgeskenk wat toegedraai word, ’n herinnering aan die geboorte van Jesus, ons grootste Kersgeskenk.

**v) Versier die Kersboom**

Die Kersboom is ook ’n ou tradisie wat ’n mens kan benut tydens die afwagting op Kersfees. ’n Mens kan op allerlei vindingryke maniere jou eie Kersboom op ’n omgewingsvriendelike manier maak. Met die versiering van die Kersboom is die eerste doel om die vreugde van die Kersgebeure te weerspieël. ’n Mens kan met die versiering van die Kersboom allerlei dinge met simboliese waarde gebruik. Liggies dui byvoorbeeld op die lig wat Christus bring. Krone kan dui op die koningskap van Christus. Herderstaffies dui aan dat die Here ons herder is. ’n Mens kan elemente uit die Kersverhaal gebruik, soos sterre of engeltjies. Soms word koekies of lekkergoed aan die boom gehang. Uiteindelik kan ’n mens enigiets gebruik wat die boom vrolik laat lyk en vir die gesin vreugde sal gee.

**vi) Plant boontjies**

’n Lekker, maklike manier om die hele Adventstema van verwagting prakties te maak, is om boontjiepitte te plant. Dit kan natuurlik met enige ander soort plant ook gedoen word, maar boontjiepitte werk maklik in ’n projek waarby kinders betrek word. ’n Mens druk die pitte eenvoudig in ’n bietjie los grond. Dit kan buite in die tuin in ’n groentebedding wees, of in ’n potjie op die vensterbank in die kombuis. Dan wag ’n mens terwyl jy gereeld ’n bietjie water gee. Dit kan ’n week duur, of tien dae, of twee weke voor die nekkies van die jong boontjieplante deur die grond breek en die plant begin groei. Soos ’n mens wag vir die boontjieplant om op te kom, so wag ’n mens ook soms op die Here, en dat Hy iets in die lewe kom doen.